

Sondag 26 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 14

Fokusgedeelte: Openbaring
14:15

Ons Verlosser is amper weer hier!

Die gereedheid van die kerk word uit die beeld duidelik. Die kerk het gegroei tot wasdom: *Slaan u sekel in en maai, want die uur het vir U gekom om te maai, omdat die oes van die aarde oorryp geword het.*

Net so het die sondige mensdom ook gegroei tot hulle volle sondige potensiaal en by die punt van enige bekering en gehoorsaamheid verby! Die einde kom wanneer letterlik alles ryp (oorryp – die Here se genade was baie lankmoedig!) geword het. *Slaan u sekel in ... omdat die oes van die aarde oorryp geword het.*

Op daardie oomblik sien die gelowiges die Here Jesus as die Regter op die wolke – hulle en die engele.

Wat hier belangrik is, is dat die Here self bly by die orde wat Hy neerlê! ... *want die uur het vir U gekom om te maai ...* Die oes begin nie 'n oomblik te vroeg of 'n oomblik te laat nie. Dit begin op presies die vasgestelde oomblik!

Ons vastheid is juis ingebed in die onveranderlikheid van God se Raad!

Sing: Skrifberyming 2-4:3

Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)